GIELIE LOUBSER CHRIS VAN WYK NICO SIMPSON

belydenis van belhar

IN GESPREK MET MEKAAR

ONTWIKKEL VIR DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK

belydenis van belhar

Outeursreg © Bybel-Media 2013
Bybel-Media, Privaatsak X5, Wellington 7654
www.bybelmedia.co.za

Alle regte voorbehou
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Tensy anders vermeld, is die Bybelteks wat in hierdie boek aangehaal word, geneem uit die 1983-vertaling met herformulerings van die Bybel in Afrikaans.
Kopiereg © 1983, 1990 Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Met toestemming

Redaksionele versorging: Chris van Wyk
Grafiese ontwerp deur www.mariamagdalena.co.za
Gedruk en gebind deur Bybel-Media
Eerste uitgawe, eerste druk 2013

ISBN: 978-0-86487-727-7

BM

INHOUDSOPGAWE

een	skriflesing en gebed	01
twee	kortfilm 1: die proses	01
drie	inleiding deur voorganger	01
vier	kortfilm 2: vyf geloofsonderskeidende vrae	02
vyf	tafelgesprek 1	04
vyf.een	wie is God?	04
vyf.twee	wie is ons in Christus?	04
vyf.drie	vir wie maak God ons 'n naaste?	05
vyf.vier	hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?	05
vyf.vyf	wat vra God nou van ons?	05
ses	terugvoer	06
sewe	inleiding deur die voorganger	06
agt	kortfilm 3: in gesprek met die belydenis van belhar	06
nege	tafelgesprek 2	07
tien	bespreking van die belydenis van belhar	11
elf	geloofsbelydenis	11
twaalf	ekstra bydrae: hoe help die 5 vrae jou?	11
dertien	begeleidende brief	12

een SKRIFLESING EN GEBED

Begin julle byeenkoms met enige Bybelteks wat vir julle van waarde is, bv die Leesroosterteks vir die week of 'n teks waarmee julle groep op reis is. Gebruik die vrae van die Wandel-in-die-Woord-metodiek (Wat tref jou? / Watter vraag het jy?), of die Seisoen van Luister se luister-siklus (Rus, Hoor, Leef), of enige ander metodiek wat julle kan help om saam na die Woord te luister.

{ ONS GAAN NOU NA 'N KORTFILM KYK WAT DIE DOEL VAN ONS BYEENKOMS VERDUIDELIK. }

twee KORTFILM 1: DIE PROSES

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 2011 besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van hulle belydenisgrondslag te maak. Vroeër in 1990 en 1998 het vorige Algemene Sinodes van die NG Kerk verklaar dat die inhoud van die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die ander belydenisskrifte in stryd is nie.

Oral in die NG Kerk gesels ons dus nou oor die Belydenis van Belhar. Die gesprek vind plaas in kerkvergaderings – sinodes en ringe – en in gemeentes – kerkrade en kleingroepe.

Vir ons as gelowiges is hierdie gesprekke 'n geloofsonderskeidende proses. Ons gaan saam diep luister na die Woord en die Gees en niemand in 'n rigting probeer dwing of manipuleer nie. Ons luister ontvanklik na die Woord, wag in gebed op die Gees en respekteer mekaar te alle tye.

As gelowiges glo ons dat God ons verander deur God se Woord en Gees. Om hiervan deel te wees, is daar vyf geloofsonderskeidende vrae wat ons help:

1. Wie is God?
2. Wie is ons in Christus?
3. Vir wie maak God ons 'n naaste?
4. Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?
5. Wat vra God nou van ons?

{ Ons gaan eers hieroor praat en vir mekaar sê wat ons hieroor glo.

Dan gaan ons wat ons glo, neersit langs die Belydenis van Belhar en vra:
HELP DIE BELYDENIS VAN BELHAR ONS OM DIÉ VRAE VIR ONS TYD TE ANTWOORD? }

drie INLEIDING DEUR VOORGANGER

Deel A3-plakkate met die vyf vrae aan die kleingroepe uit en verduidelik die proses. Daar is 'n voorbeeld op bladsy 5 van hierdie handleiding. Ons gaan mekaar in hierdie rondte herinner aan tekste en verhale in die Bybel en ons geloofstradisie.

Ons gaan vyf vrae gebruik:

1. Wie is God?
2. Wie is ons in Christus?
3. Vir wie maak God ons 'n naaste?
4. Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?
5. Wat vra God nou van ons?

{ ONS GAAN EERS HIEROOR PRAAT EN VIR MEKAAR SÊ WAT ONS HIEROOR GLO. }

Die spelreëls vir ons gesprek oor die Bybel en die geloofstradisie is as volg:

1. Dit is nie belangrik om die spesifieke teksvers of verwysing aan te haal nie.
2. Dit hoef nie 'n volledige lys te wees nie.
3. Die doel hiervan is om te begin verwoord wat ons oor die vraag glo.
4. Ons hoef nie gevolgtrekkings te maak nie.
5. Ons probeer soveel as moontlik van die groep-bydraes te laat maak.

NA 'N POUSE VIR KOFFIE/TEE EN VERVERSINGS, GAAN ONS HIERDIE TEKSTE EN VERHALE OOR WAT ONS GLO, NEERSIT LANGS DIE BELYDENIS VAN BELHAR EN VRA:
HELP DIE BELYDENIS VAN BELHAR ONS OM DIÉ VRAE VIR ONS TYD TE ANTWOORD?

{ AS INLEIDING TOT ONS GESPREK OOR DIE 5 GELOOFSONDERSKEIDENDE VRAE, GAAN ONS NA DIE VOLGENDE KORTFILM KYK. }

vier | KORTFILM 2: VYF GELOOFSONDERSKEIDENDE VRAE

As gelowiges glo ons dat God ons verander deur God se Woord en Gees. Om hiervan deel te wees, vra geloofsonderskeiding. Daar is vyf geloofsonderskeidende vrae wat ons hiermee help:

1. Wie is God?
2. Wie is ons in Christus?
3. Vir wie maak God ons 'n naaste?
4. Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?
5. Wat vra God nou van ons?

DIE EERSTE VRAAG IS:
>> Wie is God?

Hierdie vraag het gelowiges reeds in 'n baie ou belydenis geantwoord, die Apostoliese

Geloofsbelydenis. God is drie, Vader, Seun en Gees, en hierdie God is een. Hierdie Drie-enige God roep mense tot sy kinders, maak hulle bymekaar as sy volk en stuur hulle om lig en sout in hierdie wêreld te wees.

As dit is wie God is, kry ons ook 'n goeie idee van wie ons in Christus is.

DIE TWEEDE VRAAG WAT GELOWIGES VRA, IS:
>> Wie is ons in Christus?

Hierdie selfde Apostoliese Geloofsbelydenis sê vir ons wie ons is: een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. In Christus is ons deel van die liggaam van Christus, is ons diep verbind aan broers en susters wat God vir ons gee.

AS ONS WEET WIE GOD IS EN ONS WEET WIE ONS IN CHRISTUS IS, IS DIE DERDE VRAAG WAT GELOWIGES WAT DEUR DIE WOORD EN DIE GEES WIL LEWE, VRA:
>> Vir wie maak God ons 'n naaste?

Hier gee Jesus self vir ons die antwoord. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Hierdie liefde wat God het vir mense in die wêreld en wat God vir ons het wat in Christus is, moet na mense vloei wat oor ons pad kom.

Hierdie heelmaak van verhoudings, hierdie uitdeel van liefde, hierdie nuwe wêreld, het God in ons hande gegee. God kies dat God se liefde deur ons vloei na alle mense met wie ons kontak het.

As ons dít goed besef, *IS DIE VIERDE VRAAG WAT VANSELFSPREKEND HIERUIT VOORTVLOEI:*
>> Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?

Dat die kerk die draers van lig en heling is, gee ons aanwysings van hoe God ons wêreld wil heelmaak. Die vroeë gelowiges het gepraat van die missio Dei waarmee God besig is. God is dáár waar mense seer het, God is dáár waar mense ly, God is dáár waar mense onregverdig behandel word, God is dáár waar mense nie billik behandel word nie, God is dáár waar mense mishandel word.

Gelowiges het deur die eeue nog altyd bely dat as dít is waarmee God besig is, hulle God hierin wil navolg. Uit die oorvloed wat ons in Christus het, word ons opgeroep om uit te deel en vir ander tot 'n seën te wees.

DIT BRING ONS BY DIE DOEN-VRAAG, DIE VYFDE VRAAG:
>> Wat vra God nou van ons?

Dat ons Hom hierin sal navolg. Dat ons Hom sal dien deur ander in die praktyk van die lewe te dien. Is dit maklik om God hierin na te volg? Nee. Maar gelowiges het nog altyd geglo dat God hulle die krag sal gee om die regte ding te doen. Dat God by hulle sal wees om vir die

weduwees , die wese en die vreemdeling op te staan.

vyf | TAFELGESPREK 1

Neem die A3-werksblaaie en maak 'n lys in julle groepe van tekste en Bybelstories uit die Ou Testament, Nuwe Testament en belydenisse van die kerk wat julle sou gebruik om elk van hierdie 5 vrae te antwoord.

Neem 8 minute per vraag en kyk hoeveel tekste en verhale julle kan neerskryf as groep. Stel iemand aan as tydhouer sodat al die vrae hanteer kan word.

5.1 Wie is God?

ONTHOU: Dit is nie belangrik om die spesifieke teksvers of verwysing aan te haal nie. Dit hoef nie 'n volledige lys te wees nie. Die doel hiervan is om te begin verwoord wat ons oor hierdie vraag glo. Ons hoef nie nou al finale gevolgtrekkings te maak nie. Probeer soveel as moontlik van die groep-bydraes te maak.

OU TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR WIE GOD IS.	NUWE TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR WIE GOD IS.	BELYDENISSE VAN DIE KERK OOR WIE GOD IS.

5.2 Wie is ons in Christus?

ONTHOU: Dit is nie belangrik om die spesifieke teksvers of verwysing aan te haal nie. Dit hoef nie 'n volledige lys te wees nie. Die doel hiervan is om te begin verwoord wat ons oor hierdie vraag glo. Ons hoef nie nou al finale gevolgtrekkings te maak nie. Probeer soveel as moontlik van die groep-bydraes te maak.

OU TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR WIE ONS IN CHRISTUS IS.	NUWE TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR WIE ONS IN CHRISTUS IS.	BELYDENISSE VAN DIE KERK OOR WIE ONS IN CHRISTUS IS.

5.3 Vir wie maak God ons 'n naaste?

ONTHOU: Dit is nie belangrik om die spesifieke teksvers of verwysing aan te haal nie. Dit hoef nie 'n volledige lys te wees nie. Die doel hiervan is om te begin verwoord wat ons oor hierdie vraag glo. Ons hoef nie nou al finale gevolgtrekkings te maak nie. Probeer soveel as moontlik van die groep-bydraes te maak.

OU TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR VIR WIE GOD ONS 'N NAASTE MAAK.	NUWE TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR VIR WIE GOD ONS 'N NAASTE MAAK.	BELYDENISSE VAN DIE KERK OOR VIR WIE GOD ONS 'N NAASTE MAAK.

5.4 Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?

ONTHOU: Dit is nie belangrik om die spesifieke teksvers of verwysing aan te haal nie. Dit hoef nie 'n volledige lys te wees nie. Die doel hiervan is om te begin verwoord wat ons oor hierdie vraag glo. Ons hoef nie nou al finale gevolgtrekkings te maak nie. Probeer soveel as moontlik van die groep-bydraes te maak.

OU TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR HOE GOD ONS IN HIERDIE WÊRELD GEBRUIK.	NUWE TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR HOE GOD ONS IN HIERDIE WÊRELD GEBRUIK.	BELYDENISSE VAN DIE KERK OOR HOE GOD ONS IN HIERDIE WÊRELD GEBRUIK.

5.5 Wat vra God nou van ons?

ONTHOU: Dit is nie belangrik om die spesifieke teksvers of verwysing aan te haal nie. Dit hoef nie 'n volledige lys te wees nie. Die doel hiervan is om te begin verwoord wat ons oor hierdie vraag glo. Ons hoef nie nou al finale gevolgtrekkings te maak nie. Probeer soveel as moontlik van die groep-bydraes te maak.

OU TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR WAT GOD NOU VAN ONS VRA.	NUWE TESTAMENT-TEKSTE EN VERHALE OOR WAT GOD NOU VAN ONS VRA.	BELYDENISSE VAN DIE KERK OOR WAT GOD NOU VAN ONS VRA.

ses TERUGVOER

Laat die groepe die A3-plakkate teen 'n muur opsit. Dit sal goed wees om nou koffie/tee en verversings te geniet.

sewe INLEIDING DEUR DIE VOORGANGER

Ons het verwoord wat ons glo sonder om iemand in 'n rigting te probeer dwing of te manipuleer.

ONS GAAN NOU NA 'N SESDE VRAAG KYK:

>> Help die Belydenis van Belhar ons om dié vrae vir ons tyd te antwoord?

{ ONS GAAN EERS KYK NA 'N KORTFILM WAT PROBEER VERWOORD WAAR DIE BELYDENIS VAN BELHAR STAAN TEN OPSIGTE VAN DIÉ 5 VRAE. }

agt *KORTFILM 3: IN GESPREK MET BELYDENIS VAN BELHAR*

Hoe moet ons dink oor die Belydenis van Belhar? Daar is baie gelowiges regoor die wêreld, wat sê die Belydenis van Belhar is 'n geskenk aan die kerk. Kom ons kyk weer na die vyf geloofsonderskeidende vrae en vra elke keer wat is die unieke bydrae van die Belydenis van Belhar.

1. Wie is God?

Van die tyd van Israel af reg deur die vroeë kerk en die kerk se belydenisse, bely gelowiges God is een. God bemoei Hom met mense en vorm hulle tot 'n geloofsgemeenskap. Die Belydenis van Belhar bevestig dit sonder om enigiets by te voeg.

2. Wie is ons in Christus?
Ons het reeds gesien dat die eenheid wat Christus skep en waarvan Paulus ons vertel, die vroeë kerk in belydenisse omarm. Met die Belydenis van Belhar wou die kerk hierdie belydenis herhaal, maar ook verdiep. Dié verdieping het daarmee te doene dat die kerk bely dat, omdat eenheid 'n gawe is, dit ook 'n opdrag is. Dié opdrag het twee kante. Ons kan mense nie in eenheid indwing nie. En ons moet dinge wat in die pad staan, van eenheid uit die weg uit ruim. Wat die kerk bely, is dat as ons die eenheid leef, dan raak die goeie nuus van Christus sigbaar, dan sien mense dat verbreekte verhoudings, mense wat in vyandskap leef en mense wat mekaar haat, nie die laaste sê oor ons lewe het nie.

3. Vir wie maak God ons 'n naaste?
Jesus gebruik woorde soos lig en sout as Hy wil verduidelik dat wie ons is, 'n invloed het op die verhoudings waarbinne ons staan. Sy Gees versoen ons met God en maak ons só mense wat liefhet, versoen en die kwaad deur die goeie oorwin. Terwyl gelowiges dit al eeue lank glo dat die goeie nuus oor versoening gaan, is dit nie duidelik in vroeëre belydenisse uitgespel hoe dit met ons naaste te make het nie. Die Belydenis van Belhar herinner ons dat ons versoening met God nie eensydig verstaan kan word nie. Die versoening met God loop uit op versoening met die mense rondom ons. Dit maak die lewe nuut, die samelewing anders.

4. Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?
Die Bybel is vol verhale van mense wat ervaar dat hulle in nood is. Hulle is in die tronk, hulle is arm, hulle is mismoedig. Oor en oor bely hulle dat God by hulle is in hierdie situasies. Die Bybel is ook vol verhale van gelowiges wat hierdie mense kon help en dit nie doen nie. Geestelike leiers spreek hulle regdeur aan dat God die noodkrete van hierdie mense hoor en dat God ingryp. Die Belydenis van Belhar herinner gelowiges daaraan, dat as dít die mense is by wie God betrokke is, het ons geen ander keuse nie as om dáár te wees waar God is en te doen wat God van ons vra.

5. Wat vra God nou van ons?
Die eerste belydenis van volgelinge van Jesus, is dat Jesus die Here is. Daarmee sê hulle, Jesus is die God wat die Jode duisende jare lank al ken. Die implikasie hiervan is dat hulle méér gehoorsaam aan God is as aan enige aardse gesag, byvoorbeeld die keiser. Die vroeë kerk noem Jesus ook hulle Hoof. Die implikasie hiervan is dat Jesus die laaste sê oor hulle lewe met mekaar het. Die Belydenis van Belhar bevestig albei hierdie belydenisse en spel die implikasies daarvan vir ons tyd uit. Selfs al is daar straf en teenstand, kan ons ons nie méér steur aan regerings en samelewingsreëls as aan Jesus se opdrag om ons naaste lief te hê nie.

nege | TAFELGESPREK 2

Laat iemand in die groep lees wat julle by vraag 1 geskryf het. Laat iemand dan die Belydenis van Belhar se artikel 1 voorlees in julle groep en omkring alles wat ooreenstem met wat julle gesê het en onderstreep alles wat verskil.

Doen dieselfde met vraag 2 en artikel 2, ensovoorts.

1. Wie is God?

_____
_____
_____

LEES ARTIKEL 1 VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

// 1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe. \\

2. Wie is ons in Christus?

_____
_____
_____

LEES ARTIKEL 2 VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

// 2. Ons glo aan een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag. \\

Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in die kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; Ef 2: 11-22.

dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; Ef 4: 1-16.

dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; Joh. 17:20-23.

dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; Fil 2:1-5; 1 Kor 12:4-31.

daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is; van een brood neem en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel; saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; Joh 13:1-17; 1 Kor 1:10-13; Ef 4:1-6; Ef 3:14-20; 1 Kor 10:16-17; 1 Kor 11:17-34;

Gal 6:2 ; 2 Kor 1:3-4.

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; Rom 12:3-8; 1 Kor 12:1-11; Ef 4:7-13; Gal 3:27-28; Jak 2:1-13.

Daarom verwerp ons enige leer

wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolu tering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;

wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onderversoendheid;

wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;

wat uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebe- palend is vir lidmaatskap van die kerk.

3. Vir wie maak God ons 'n naaste?

_____

_____

_____

LEES ARTIKEL 3 VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

// 3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; 2 Kor 5:17-21; Matt 5:13-16; Matt 5:9; 2 Pet 3:13; Op 21 – 22 \\

dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring; Ef 4:17 – 6:23; Rom 6; Kol 1:9-14; Kol 2:13-19; Kol 3:1 – 4:6

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap be- vorder en bestendig;

dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die

versoenende krag van die evangelie byvoorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.
Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.

4. Hoe gebruik God ons in hierdie wêreld?

_____
_____
_____

LEES ARTIKEL 4 VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

// 4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil brin 5:1-6; Luk 1:46-55; Luk 6:20-26; Luk 7:22; Luk 16:19-31 \\

dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; Ps 146; Luk 4:16-19; Rom 6:13-18; Am 5

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

5. Wat vra God nou van ons?

_____
_____
_____

LEES ARTIKEL 5 VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

// 5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Ef 4:15-16; Hand 5:29-33; 1 Pet 2:18-25; 1 Pet 3:15-18 \\

Jesus is die Heer. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

tien BESPREKING VAN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

Hierdie gesprek vind in die groot groep plaas. Die gespreksleier se rol is om te sorg dat hierdie gesprek oop, deelnemend en respekvol sal wees. Herinner voortdurend die groep daaraan dat ons wag op die leiding van die Gees op die pad vorentoe.

Hoe help die Belydenis van Belhar ons om dié vrae vir ons tyd te antwoord?

elf GELOOFBELYDENIS

Kom ons bely saam hardop ons geloof, nie net saam met die kerk van vandag nie, maar saam met die kerk van alle eeue.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel, die wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees;
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

twaalf EKSTRA BYDRAE: HOE HELP DIE 5 VRAE JOU?

Hoe help dié 5 geloofsonderskeidende vrae jou?

// Eendag was daar 'n oupa wat sy kleinseun op die bus moes sit na 'n vakansie-kuier by hulle. Hulle het 'n tydjie in stilte gery toe sy kleinseun uit die bloute vra: "*Hoekom glo oupa*?" \\

Die oupa het voor hom in die pad gekyk en geantwoord: "*Laat ek jou vertel van God. God is een. God is Vader, Seun en Gees. God het die wêreld lief. Daarom reik God uit na die wêreld en maak dit heel. "*

Hulle ry in stilte verder. Die oupa is dankbaar vir die geleentheid om met dié kleinkind van hom te mag praat. Versigtig voeg hy nog iets by: *"Deel van die heelmaak is wat met jou en my gebeur. Laat ek jou ook vertel wie ons is. Ons is in Christus. Dit verander ons."*

"Maar hoe verander dit ons, oupa?" vra sy kleinseun. *"Jy sien jouself as 'n naaste vir ander, iemand deur wie God se liefde na ander toe kan vloei."* antwoord die oupa.

Hulle stop by die bushalte en die oupa kan sien daar is 'n laaste vraag wat sy kleinseun wil vra voor hy uitklim: *"Is dit hoe God ons wêreld wil heelmaak, oupa?" "Ja, almal wat só dink, word geroep om ons wêreld heel te maak, want dit is waarmee God besig is."* sê die oupa voor hulle groet.

Terwyl die bus trek en hulle vir mekaar totsiens waai, mompel die oupa by homself: *"My kind, jy moet nooit vergeet nie dat Gód ons die krag gee om lief te hê, selfs al is daar mense wat die wêreld nog stukkender maak."*

Miskien sal jou kleinkind of iemand anders vir jou iets anders vra en jy dit miskien anders antwoord, maar hierdie vyf geloofsonderskeidende vrae kan ons help om te antwoord wat dit beteken om te glo en om kerk te wees.

dertien BEGELEIDENDE BRIEF

Die Belydenis van Belhar het ook 'n Begeleidende Brief wat dit vergesel waarin die opstel en aanvaarding van die Belydenis uitgespel word. Lees dit gerus om jou in jou eie oorweging van die Belydenis van Belhar te help onderskei wat God se wil is vir jou en die liggaam van Christus.

// 1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NGK-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en Skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit, omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het. \\

2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike

leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en -verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onsself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die hele NGK-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin saam met ons sal wil maak, sodat ons sáám kan vry word en sáám hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.

ALGEMENE SINODALE TAAKSPAN VIR DIE BELYDENIS VAN BELHAR

webtuiste: www.belydenisvanbelhar.co.za
facebook: www.facebook.com/belydenisvanbelhar

ISBN 978-0-86487-727-7